

28 Maart

Skrifgedeelte: Handeling 26:1-23

Fokusgedeelte: Handeling 26:20

Bekering word bewys deur dade

Goewerneur Festus het koning Agrippa gevra om Paulus aan te hoor en hom (Festus) te help om 'n verslag oor Paulus op te stel om aan die keiser te stuur. Paulus het hom immers op die keiser beroep vir 'n verhoor.

In sy verdediging het Paulus vertel hoe hy self die kerk van Christus vervolg het, maar toe tot inkeer gekom het. Op pad na Damaskus het Jesus hom aangestel om sy getuie onder die Jode en onder die heidennasies te wees.

Daardie ontmoeting het 'n radikale omkeer in Paulus se lewe veroorsaak. Waar hy eers Christus vervolg het, het hy nou sy getuie geword. Waar hy as Fariseër nie met die heidene gemeng het nie, het hy nou die evangelieboodskap ook aan heidene verkondig. Sy boodskap was dat almal wat tot inkeer kom, en hulle bekering bewys met dade wat by bekering pas, gered sou word. Hierdie boodskap het die Jode nie gepas nie. Hulle het gereken hulle is eksklusief gered omdat hulle tot die Joodse volk behoort, en heidene deel nie in die redding nie. Daarom het hulle Paulus aangeval, is Paulus in hegtenis geneem, en is Paulus nou op pad na die keiser – so kon Agrippa en Festus aan die keiser rapporteer.

Redding is nie vanselfsprekend (soos om bloot aan 'n groep te behoort) nie. Redding is alleen daar vir hulle wat hulle tot Christus bekeer. Bekering bestaan ¹⁾ uit om tot inkeer te kom en te stop met wat jy verkeerd doen. Bekering bestaan ²⁾ uit die doen van dade wat by bekering pas, omdat jy dankbaar is vir Christus se verlossingswerk.

Leef as bekeerde in die wêreld. Die wêreld gaan jou daarvoor vervolg, maar Christus gaan jou redding daardeur aan jou bevestig. Watter dade wat pas by bekering gaan jy vandag doen?

Sing: Psalm 40:3, 4 (1936)

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)